## Hoofstuk VI

..........

## Die Toestand van die Onderwys in 1918

## Afrikaans vervang Hollands

---

### 1. Algemeen.

Die jaar 1918 was nie alleen vir Christiana en omgewing 'n merkwaardige jaar nie, maar deur die invoer van Afrikaans as taal en voertaal het 'n nuwe tydperk van ontwikkeling op onderwysgebied vir die Unie aangebreek. Aan die einde van die volgende jaar is die Vrede van Versailles onderteken en hoewel die vroeë twintigerjare 'n tydperk van finansiële agteruitgang ingelui het, kon na die herstelde oorsese handel 'n vollediger verskaffing van skoolboeke en skoolmateriaal verwag word.

Gedurende hierdie jaar het die griepepidemie meer as 100,000 lewens in Suid-Afrika geëis en die skole moes vir sowat 'n kwartaal sluit.[1]

Met die oog op die moontlike vooruitgang, of terugslae, wat vir hierdie gebied voor die deur gestaan het, kan op hierdie tydstip die bestaande toestand van die onderwys in oënskou geneem word.

### 2.Geboue en toerusting.

Aan die einde van 1918 was die meeste geboue toe in gebruik sedert 1906 opgerig en het oor die algemeen in 'n taamlike goeie toestand verkeer. Ses van die delweryskole was in verskuifbare geboue gehuisves, maar die toekoms sou

---

1. Jaarverslag 1918, 10 - 11

bewys dat die beleid om tydelike geboue op die delwerye op te rig, die mees ekonomiese was. Die Bloemhofse raad het 27 skole onder sy beheer gehad en hierdie syfer is nooit oorskry nie.[1] Die enigste skole wat na 1918 opgerig is, was die volgende : Kareelaagte,Kareebosfontein,Uitkyk Willowbrook,Blesbokfontein en Grootdoorns.

Van die 17 plaasskole wat deur 'n taamlike bestendige bevolking in stand gehou is,was 8 voorsien van onderwyserswonings.[2]

Aan toerusting het nog van die allernoodsaaklikste items soos stoele en geskikte banke kortgeskiet.Baie van die plaasskole het nog van die 6 - 8 sitplekbanke gebruik en ondoelmatige banke moes nog in verskillende skole gebruik word.[3]

Die jaar 1918 was ook merkwaardig want die Suidwestelike Transvaal het daardie jaar sy eerste hoërskool gekry,nl. die een op Christiana.[4] Wat ruimte betref,was hierdie skool in die ongunstigste toestand, want dit was gehuisves in die ou gebou op erf 4[illegible]6 wat in 1898 opgerig is.

3.Leerlinge.

Hoewel die Onderwyswet van 1907 verpligte skoolbesoek vir kinders tussen 7 en 14 jaar ongelê het,was daar volgens die raad se beraming 95 kinders van skoolgaande ouderdom wat nie op skool was nie.[5] Ooreenkomstig Ordonnansie No. 16 van 1916 kon skoolrade die grense van verpligte skoolbesoek uitbrei en die Bloemhofse raad het 'n belangrike voorwaartse stap gedoen toe besluit is om die skoolplig na albei grense uit te brei en dit te verhoog tot st.VI of 16 jaar.[6]

1. Vgl Jaarverslae
2. Jaarverslag 1918
3. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 16.10. 1917
4. Vgl. Hoofstuk IX
5. Jaarverslag 1918, 9
6. Ibid, 27

Die jaar het afgesluit met 53 leerlinge in die hoërskool, 833 in die twee dorpskole, Christiana en Bloemhof, en die res van 1702 was in die plaasskole, deelwerkskole of ondersteunde plaasskole. Aan die einde van die jaar het 53 leerlinge die Skooleind-sertifikaateksamen geskryf waarvan 64.3% teenoor 72.1% in die hele Transvaal geslaag het.[1]

4. Onderwysers.

Daar was 63 onderwysers aan die laerskole en 5 aan die hoërskool verbonde. Al die hoërskool-onderwysers was gekwalifiseer, maar aan die laerskole het 27 uit 63, of 43.1%, nie 'n onderwysersertifikaat besit nie.[2] Hierdie treurige toestand het die skoolinspekteur, die heer N. Hofmeyer, gekonstateer, moes gedeeltelik toegeskrywe word aan die swak losies wat op die plase verskaf is, of aan die afwesigheid van onderwysers-wonings.[3]

Die grondliggende gebrek in sy kring, het die inspekteur verder gerapporteer, was gesertifiseerde onderwysers. Deeglike en bevoegde manne en vroue vertoef slegs 'n jaar in hierdie dorre, dunbevolkte, sleghehuisde en stiefmoederlike deel van Transvaal, om daarna vir goed na meer bevoorregte oorde te verhuis. Swak behuising, veral vir dames, was 'n ander rede waarom die distrik nie die beste onderwysers getrek het nie.[4]

5. Die leervakke.

In sy algemene verslag oor die toestand van die onderwys tussen 1917 en 1919 het die kringsinspekteur nie spesifiek van die verskillende leervakke melding gemaak nie. Aangesien toestande t.o.v. onderwysers nie veel verander het nie kon nie juis verbetering verwag word in vergelyking met die periode net voor of na die jaar 1918 nie.

Baie skole, veral die tweemanskole, het nie voorsiening

---

1. Jaarverslag 1918, 166
2. Ibid, 126
3. Ibid
4. Ibid

vir naaldwerk gemaak nie en 'n skreiende onreg is aan die dogters gepleeg. In die distrik was geen enkele skool, die dorpskole ingesluit, waar houtwerk of kookkuns onderrig is nie.[1] "Een ander vak, dat ook al te veel verwaarloosd, ja ... zelfs veracht word, is gymnastiek, lichamelike bewegingen, driloefeningen in verband met de school. Vele ouders en zelfs onderwyzers denken te min - ja niets ! - aan dergelyke oefeningen en toch zyn ze van groot waarde zowel voor de gezondheid, als voor de schoonheid van het lichaam."[2]

Met opset noem hy nie die gewone leervakke van onderwys, soos lees, rekenkunde, skryf, Bybelse Geskiedenis, geskiedenis, natuurkennis en aardrykskunde nie. Die ouers van hierdie gewese is te veel geneig om onderwys in gemelde vakke as die belangrikste in die skool te beskou. Nuttig en noodsaaklik is hulle wel, maar handwerk, houtwerk, kookkuns en gimnastiek is ook noodsaaklik. Ja, vir baie kinders is laasgenoemde vakke baie nuttiger, doeltreffender en pasliker by hulle aard, karakter en toekoms as die gewone leervakke.[3]

## 6. Die invoer van Afrikaans as taal en medium.

In die rapporte van skoolinspekteurs is gewoonlik na Hollands as die moedertaal van die Afrikaanssprekende leerling verwys en tot 1917 het die Afrikaanssprekende kind twee vreemde tale op skool geleer. Departementele Omsendbrief No 1 van 1917 het alle onderwysliggame in kennis gestel dat dit die beleid van die regering was dat Afrikaans die plek van Hollands moes inneem. Skoolrade moes na oorleg met die kringinspekteur besluit oor die invoer van Afrikaans as taal en medium op skool.

---

1. Jaarverslag 1918, 127

2. Ibid

3. Ibid

Die Bloemhofse raad was ten gunste daarvan dat Afrikaans op die vroegste moontlike tydstip ingevoer word,maar het ook besef dat hierdie stap groot moeilikhede vir die onderwyserpersoneel sou meebring. Die raad het gevolglik verlof gevra dat die skole van sy gebied vir die laaste twee dae van die tweede kwartaal mag sluit om die onderwysers in staat te stel om 'n konferensie,onder leiding van die kringinspekteur, op Bloemhof te hou sodat die nodige voorbereidings getref kon word om die invoer van Afrikaans die volgende jaar te laat plaasvind.[1] Hierdie versoek is geweier,maar die raad het nie nagelaat om die Onderwysdepartement daarop te wys dat 'n dergelike versoek vir die onderwysers van die Lichtenburgse kring toegestaan is.[2] Of die voorgestelde samesprekings van die kring se onderwysers plaasgevind het, kan nie vasgestel word nie.

In sy algemene verslag van 1917 het die kringsinspekteur, die heer J.P.Botha, gemeld dat sommige skole 'n aanvang gemaak het met die onderwys van Afrikaans in die gradeklasse.Daar was 'n groot tekort aan leesboeke en die onderwysers moes gebruik maak van die swartbord. Dit was betreurenswaardig,het hy gemeen,dat Afrikaans alleenlik as vak ingevoer is waar dit ook as medium aanvaar is. "The effect of this has been to produce a situation whereby in some schools Afrikaans is not taught,with the result that with the continual change of pupils confusion is sure to arise.Fortunately,in my district the majority chose Afrikaans...."[3]

Nie een van die prinsipale van hierdie gebied het enige aantekenings oor die invoer van Afrikaans in hulle skole se joernaalboeke gemaak nie.

1. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 22.5.1917

2. Ibid, ged. 23.6.1917

3. Jaarverslag 1917, 127

Uit die prinsipaal se driemaandelikse verslae blyk dit dat eers in 1919 met die onderwys van Afrikaans in die Christianase laerskool 'n aanvang gemaak is. In die verslag van Junie van 1919 het die hoof melding gemaak van die feit dat graad IA 'n Afrikaansmedium klas was ; en tog het die inspekteur in sy jaarlikse rapport van 1919 na Afrikaansmedium klasse tot st. IV verwys, terwyl sts. V en VI as Hollandsmedium aangegee is.[1] Na 1920 is net na Afrikaans- en Engelsmedium klasse verwys.

Die notule van die raad van 10 Oktober 1919 was die eerste om in Afrikaans opgeteken te word.[2] Op 21 Julie 1919 het die Bloemhofse skoolkommissie 'n Afrikaanse notule aangehoor, die Kromellenboogse skooljoernaal word sedert Februarie 1919 in Afrikaans opgestel en op die openingsdag van die skool in Julie 1919 het die Christianase hoof aangeteken : "Die skool open met die volle lede van die staf teenwoordig.."

Slegs twee skoolkommissies, die van Sterkwater en Rietfontein 154, het beswaar teen die afskaffing van Hollands in die skole gemaak. Laasgenoemde skool se kommissie het 'n afvaardiging gestuur om hulle standpunt te verduidelik voor die raad en na hulle aangehoor is, het die raad die heer Van Duyn versoek om die ouers toe te spreek en die invoer van Afrikaans aan hulle te verduidelik.[3]

1. Christianase Laerskooljoernaal

2. Notule van die Bloemhofse Skoolraad ged. 10 Okt. 1919

3. Ibid, Boek 4.